

Gebedsvertroue

Miskien het dit al met jou gebeur – daardie slegte ervaring dat jou pa nie daar was om jou te kom optel toe die skool uitgekom het nie. Om die een of ander goeie rede was hy laat. Hoe langer jy gewag het, hoe meer het jy begin dink, jou pa het regtig van jou vergeet. Jy stuur vir jou pa 'n SMS: "Onthou my asseblief!" Één ding het jy geweet terwyl jy gewag en gewonder het waarom jou pa jou vergeet het: Jy kan altyd op jou pa staat maak, jou pa sál kom. Hoe bly was jy dan nie, toe jou pa jou uiteindelik kom oplaai het!

Die psalmdigter skryf 'n gedig oor só 'n ervaring in sy verhouding met God. Hy kry swaar en dit voel vir hom of God van hom vergeet het. Hy wag op uitkoms in sy swaarkry, maar dit lyk net nie of dit gaan kom nie. Hy is baie eerlik met God en hy kla in sy hart oor God wat net nie raaksien wat van hom word nie. Sy gedagtes maal die hele tyd in die rondte en hy worstel met God oor wat hy ervaar. Hy probeer selfs sy eie planne maak om iets te doen wat vir hom verligting kan bring, maar niks help nie.

Dan gaan die digter bid. Onthou jy dit maar ook as jy iets soos die psalmdigter ervaar. Gebed in swaarkry is die heel beste ding om te doen, want die Here is deur Jesus Christus jou Vader, wat jou lief het. Die digter weet dit en bid dat God hom tog moet raaksien en hom moet antwoord. Hy vra krag om in sy moeilike omstandighede staande te bly en op God te bly vertrou. Hy wil nie dat die ongelowiges vir hom sal lag as hy nie kan uithou en aanhou om te doen wat reg is nie. Hy pleit daarom dat God hom tog gou sal antwoord op sy gebed.

As die digter van sy knieë af opstaan, is daar weer die volle vertroue in sy hart dat hy op God kan vertrou. Hy ken God en weet dat God altyd al sy beloftes vervul. Hy is daarom seker dat hy weer die vreugde sal ervaar van iemand wat deur die Here verlos is. God is getrou en daarom kan die digter terugkyk op wat hy ervaar het en verklaar dat hy nie anders wil as om te sing en in sy psalm die Here te eer nie. God was vir hom goed en het hom verlos.

Dra jou kommer en behoeftes altyd in gebed aan die Here op en vertrou op Hom wat deur sy Seun Jesus Christus vir jou gewys het dat Hy getrou is aan sy beloftes. As jy terugkyk op God se uitkoms, onthou om soos die digter jou loflied te sing!

Sing: Psalm 27:4

Ds Daan Bakker (Boksburg)